**22 Desember** **Skrifgedeelte: Titus 3:1-7**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 36**

## Die taak van die onderdaan – gehoorsaam die owerheid

In sy brief gee Paulus vir Titus raad oor hoe gelowiges in Kreta se ontaarde samelewing moet optree. Ondanks ’n roemryke verlede het Kreta se mense oor die jare verval tot ’n losbandige, sedelose nasie van seerowers en luiaards (Tit 1:12). Die oneerlikheid van die mense van Kreta was legendaries. Soos ons vandag sê, “Iemand vloek soos ’n matroos!” het die mense in die leefwêreld van die eerste eeu gesê, “Iemand lieg soos ’n Kretenser!”

God se “gesonde leer” (Tit 2:1) is die antwoord vir so ’n “siek” samelewing! Vers 3-7 beskryf die inhoud van hierdie gesonde leer. In Jesus Christus openbaar God sy goedheid – ook aan die verlore mense van Kreta (vers 4). Hy vergewe hulle sondes, laat hulle weergebore word en gee hulle deur die Heilige Gees ’n nuwe lewe (vers 5). Dit is hierdie nuwe, Geesvervulde lewe wat vir Kreta se samelewing genesing kan bring. Daarom moedig Paulus Titus en die Kretensers aan tot gesonde geloof (Tit 1:13), gesonde woorde (Tit 2:8) en gesonde gedrag (Tit 2:1-3:10).

Let op dat gehoorsaamheid aan die owerheid deel uitmaak van dié gedrag wat ’n samelewing gesond kan maak (vers1a). Selfs al bestaan die owerheid nie uit Christene nie, moet die gelowiges van Kreta hulle volle samewerking aan die owerheid gee, met ’n ywer om ALLES WAT GOED IS te doen (vers 1b). Wanneer gelowiges konsekwent volgens hierdie gesonde leer (Geesvervul) lewe, sal die nie-Christelike owerheid later wens dat al sy onderdane Christene is. Begin vandag help om ons land weer gesond te maak!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*